<u>PERSVERKLARING:</u> *16.05.2012*

# Oesdag bied iets vir elkeen in landbou

**Sake verloop vlot tydens die tweede dag van Graan SA se NAMPO Oesdag. Die meer as 670 uitstallers, wat plaaslike en internasionale uitstallers insluit, bied aan besoekers die geleentheid om hulself te vergewis van die nuutste tegnologie en produkte.**

"Daar was vroegoggend ŉ byt in die lug, maar dit het ontwikkel in ŉ lieflike sonskyndag en op die terrein heers 'n landbou-atmosfeer wat eie is aan die Oesdag," se Cobus van Coller, voorsitter van NAMPO Oesdag.

Meganisasie-uitstallers bied ŉ goeie mengsel van nuwe en bestaande tegnologie en 'n trekker wat deur waterstof aangedryf word, is selfs by een van die uitstallings te sien. Bewaringsboerdery, veral wat direkte planttoerusting betref, word deur uitstallers aangespreek en innoverende maniere om van konvensionele na direkte planters oor te skakel is te sien.

ŉ Nuutjie is die bekendstelling van 'n ploegkompetisie – wat van aanstaande jaar af deel van die Oesdagprogram gaan wees. Die aktiwiteit toets deelnemers se vaardigheid met ŉ ploeg en trekker en is geskoei op die internasionale Wêreld Ploegkampioenskappe. Twee wêreldkampioene demonstreer elke dag teen 11:00 en 15:00 by die Noordhek hul ploegvernuf.

Die toonvenster wat die NAMPO Oesdag vir 90% van genootskappe in Suid-Afrika bied, is onontbeerlik en dit gee besoekers die kans om persoonlik met die betrokke genootskap en teler van die ras te gesels. Volgens die organiseerders van die klein- en grootvee tentoonstellings neem die belangstelling jaarliks toe, omrede ŉ veefaktor ŉ integrale deel van die hedendaagse boerdery uitmaak.

Die 4x4-demonstrasies lok oudergewoonte groot getalle besoekers en ŉ rekordgetal voertuie neem vanjaar aan die gewilde demonstrasie deel.

Graan SA gaan op Donderdag, 17 Mei ŉ terugblik verskaf oor die organisasie se deelname as strategiese vennoot in die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming se herkapitaliseringsprogram. Te danke aan dié program kon 16 ontwikkelende produsentelede van Graan SA – wat ingeskakel is by die ontwikkelende landbouprogram – finansiële ondersteuning vir hul boerdery ontvang. Van die boere gaan eerstehands vertel wat die impak van die program en Graan SA se betrokkenheid daarin vir hul boerdery beteken het.

Die Oesdag duur tot Vrydag, 18 Mei. Kaartjies is by die hekke te koop, by Engen diensstasies in die omgewing of by Senwes Village-winkels. Die hekke open om 08:00 en sluit teen 17:00. NAMPO Park bied ook voldoende parkering, wat gratis is.